

## BOEKBESPREKING

E. STANLEY JONES, *Overvloedig Leven*; H. J. Paris, Amsterdam.

Die subtitel van bogenoemde boek lui: „Bijbels Dagboek”. Wie egter ’n Bybelse Dagboek soos ons dit gewoon is, verwag, ontdek al gou dat dit hier nie die geval is nie. Bo-aan die dagstukkies wat elk ’n bladsy beslaan, staan wel Skrifgedeeltes aangedui, met die klaarblyklige bedoeling dat die vooraf nageslaan en gelees sal word, maar die inhoud van die dagstukkies bied geen verklaring of toepassing daarvan nie, dis veeleer afsonderlike opstelle oor ’n bepaalde onderwerp. In sover is die subtitel misleidend. E. STANLEY JONES is ’n bekende en veelgelese skrywer. Hy het die wêreld deurreis en ’n merkwaardige skat van ondervindinge opgedoen, waaruit hy ook in hierdie publikasie ruimskoots put. Hy lê

tereg groot nadruk op die wisselwerking tussen gees en stof en konstateer dat disharmonie tussen siel en liggaam verderflik vir die persoonlikheid is, want dit ondermyn die werkkrag en versteur die geluk. Daarom wil hy in hierdie Dagboek 'n poging aanwend om die „hoe” van 'n „oorvloedige lewe” duidelik te maak („oorvloedige lewe” nie in metodistiese sin nie!). Hy het wel 'n oop oog vir die gekompliseerdheid van die lewe, maar of die oplossing wat hy aan die hand gee, inderdaad dié wie se „lewe in 'n knoop” sit, ten slotte heeltemal sal bevredig, betwyfel ek, want volgens my oordeel is die boek nie genoegsaam Skrifveranker nie. Miskien moet ek dit só stel: as ek die boek lees, klink die stem van die skrywer so hard in my ore, dat ek die stem van God uit Sy Woord (wat die enigste vastigheid bied) nouliks hoor. My geslingerde hart en ontredende lewe wil nie in die eerste plek hoor wat dié of daardie beduie nie, maar wat God vir my in die problematiek van my eie lewe te sê het. Die inhoud is vir my gevoel te sterk antropologies gekleur; wat ek mis, is die beklemtoning van die borgtogtelike versoeningswerk van Christus—die enigste bron van die enigste troos in lewe en in sterwe; dit kom my voor asof die nadruk op die eie strewe van die mens na 'n oorvloedige lewe, sowel fisies as geestelik, val, m.a.w. asof die „uitgemergelde” mens op die ou end na homself (en sy opgedroogde hulpbronne) terugverwys word. Hiermee wil ek nou nie beweer dat die boek sonder verdienste is nie; die lees daarvan sal die gees verryk. Dis vlot geskrywe en vir sover ek kan oordeel, is die vertaling uitmuntend. Die publikasie is deur die uitgewer keurig versorg, met 'n duidelike lettertipe op goeie papier.

D. F. ERASMUS, SNR.

HANS-JOACHIM KRAUS, *Klagelieder* (Threni). Biblischer Kommentar, Altes Testament, in Verbindung mit K. Elliger, K. Galling, G. Gerleman, F. Horst, A. R. Hulst, H.-J. Kraus, G. von Rad, J. J. Stamm, Th. C. Vriezen, H. Wildberger, H. W. Wolff und W. Zimmerli, herausgegeben von MARTIN NOTH. Band XX. Verlag der Buchhandlung des Erziehungsvereins Neukirchen, Kreis Moers, 1956. 87 bls. Prys by intekening DM 5.85, buite intekening DM 6.50.

Die nuwe, groot kommentaarwerk wat met hierdie behandeling van de Klaagliedere van die hand van Prof. Kraus begin, is 'n evenement op die gebied van Bybelverklaring. Dit skaar hom op volwaardige wyse naas die bekende ouere werke soos die series van Nowack, van Sellin en van Eisfeldt in die Duitse en die van die I.C.C. in die Engelse taalgebied. Dit gee grondige tekskritiese werk, uitnemende woord- en versverklaring in historiese setting, literêr-historiese plaasbepaling; maar dit gee daarbo, in onderskeiding van die meeste ouere kommentare, die resultate van die

„formgeschichtliche” ondersoek wat so verhelderend werk op die verstaan van die inhoud en ook veral van die plek van die betrokke Skrifgedeelte in die godsdienstige lewe van Israel; en wat nog groter wins is, dit gaan veelmeer as die meeste vroeëre werke uit die period van literêr- en histories-kritiese arbeid in op die Bybels-teologiese inhoud en die „verkondiging”, die boodskap wat daaruit op ons mense van hierdie tyd afkom. Dit wil volgens die bewoordings van die „Herausgeber”, Prof. Martin Noth, ’n hulpmiddel wees sowel vir die verstaan as vir die praktiese gebruik van die Ou Testament; maar dit nie as ’n middel om ’n gemaklike snelle oriëntering vir haastige liede moontlik te maak nie, maar om tot eie nadenke en eie voortgesette arbeid aan en worsteling met die Skrif op te wek. Ten slotte word gepoog om „reg te laat wedervaar aan die feit dat die Nuwe Testament Jesus Christus as die doel van die handele van God onder die Ou Verbond verkondig”. Dit is wel ’n heel duidelike beginselverklaring en ’n nuwe, verheugende geluid in die wetenskaplike literatuur wat so volop rekening hou met die reg van vrye, kritiese ondersoek en met die resultate daarvan vir die regte verstaan van die Heilige Skrif.

Die gevolgde metode is ook in verskillende opsigte nuut. By elke hoofstuk word eers ’n kort opgawe verskaf van die belangrikste nuwere literatuur dienaangaande; dan onder die opskrif „Text” sowel die vertaling as die tekstkritiese materiaal; daarna onder die rubriek „Form” die „Gattung” of literêre stylsoort waartoe die skrifstuk behoort. Onder „Ort” volg daarop die bespreking van die historiese agtergrond en van die „Sitz im Leben”, dus die verband met die volks- en veral godsdienstige en kultiese lewe waarin die stuk pas en waaruit dit meestal voortgekome het; onder „Wort” word die vers-vir-vers eksegetiese verskaf, wat uiteraard gewoonlik die meeste plek inneem en ook belangrike teologiese begrippe behandel; terwyl die verklaring afsluit met die rubriek „Ziel” waarin die Bybels-teologiese uitsig en aanleg op die Nuwe Testament en veral op sy sentrum, Jesus Christus, gewys word. Of die kenwoorde van die rubrieke heeltemal gelukkig gekies is, kan betwyfel word; verskeie daarvan maak ’n enigsins gewild pregnante indruk en is sonder meer nie direk duidelik nie; so is onder „Text” sowel die vertaling as die tekstkritiek begrepe, onder „Ort” sowel die tydsagtergrond as die plek in die volkslewe; die „Wort” kom tog nie eers by die vers-eksegese nie, maar ook in die vroeëre rubrieke aan die orde, en „Ziel” lyk my ook wel enigsins te swaar teologies belas en ietwat „anspruchsvoll” en oormoedig; ek sou liever van „Uitsig” of iets dergeliks spreek. Maar die indeling self is geheel verantwoord en maak die agtermekaar lees van hierdie kommentaar ’n boeiende saak en spannende gebeurde.

Aan hierdie gerubriseerde eksegetiese behandeling gaan mettertyd

uitvoerige „Inleidings” tot die afsonderlike Bybelboeke vooraf; by die een aflewering beslaande deeltjie oor Klaagliedere is dit direk ingeslote, by die omvangryker boeke word dit eers later na die verskyning van al die betrokke aflewerings gegee.

Die medewerkers aan hierdie veelbelowende reeks is ’n internasionale groep, insover naas uiteraard vernaamlik Duitse outestamentici, ook ’n Sweedse, ’n paar Switserse en twee Nederlandse geleerdes onder hulle voorkom. Die gehele werk is beplan op 116 aflewerings van ongeveer 80 bladsye elk. Hulle sou volgens die aankondiging van 1955 maandeliks verskyn en omstreeks midde 1965 voltooid wees. As mens die data van die arbeidsplan nagaan soos dit in 1955 voorgelê is, dan blyk helaas wel ’n groot agterstand nou reeds ingetree te hê. ’n Paar medewerkers arbeier egter gelukkig met bekwame spoed sonder om daarmee aan die bekwaamheid van hulle werk iets af te doen! Die benaming van die hele serie as „Biblischer Kommentar” is dieselfde as die bekende ouere van Keil en Delitzsch, wat na die gees wel passend is, maar enigszins verwarrend kan werk en by afkorting moeilikheid gee; miskien was „Biblich-theologischer Kommentar” ’n geskikter benaming, al sou daarin die teologiese aspek miskien weer oorbeklemtoon wees.

Die verklaring van die Klaagliedere van die hand van H.-J. Kraus bespreek ons die eerste omdat dit ’n volledige werk is, reeds voorsien van die Inleiding tot die hele boek. Origenes het as eerste aflewerings vantevore die begin van Esegjël van die hand van W. Zimmerli verskyn. In die Inleiding word o.a. die metrum van die Klaagliedere bespreek; m.i. tereg sluit Kraus, hoewel hy melding maak van later ingebringte besware en ander opvattinge by Hölcher, Pfeiffer en Mowinckel hom tog hoofsaaklik aan by Budde en Sievers in hul aanname van ’n aksentuierende, vernaamlik drie plus twee klemtone tellende grondvorm van die klaagliedritme. Belangwekkend is die, wat mens wel sou kan noem, ontdekking deur Kraus van die Gattung van die „klag om die verwoeste heiligdom” wat hy met Babilonies-Assiriese voorbeelde adstrueer. Dit lyk my egter juister om te spreek van „klag om die verwoeste heilige stad”, aangesien in hierdie soort klaagliedere die stad van die heiligdom ’n ewe groot rol speel as die heiligdom self. In die bespreking van die voor en teen van die onderstelling van ’n Jeremiaanse outeurskap van Klaagliedere sou dit beter gewees het as die skrywer in plaas van te spreek van „eine Unzahl von Stellen in den Threni, die im Munde des Propheten Jeremia undenkbar sind” die plekke sou genoem het, wat seker nie te veel plaasruimte sou geneem het nie.

Die literatuuropgaaft is gelukkig in chronologiese orde opgebou binne die verskillende rubrieke en nie soos teenswoordig wel gebruik is, in alfabetiese rangskikking nie.

By die druk van die vertalings van die Klaagliedere is die afsonderlike koeplette of strofes nie deur 'n oop reël daartussen-in kenbaar gemaak nie; dit is wel 'n beswaar vir die oorsigtelikheid en die genot van die lees. Die vertaling self kon hier en daar noukeuriger gewees het. Kl. 1:4 sou ek liever met die N.B.G. vertaling weergee: „Juda is ontvolkt door”, of miskien nog juister met die „Bible de Jérusalem” met: „Juda est exilée après” as met Kraus: „Weggeführt ist Juda aus”. Die konjektuur in 1:12 (na Praetorius) lyk my 'n verswakking en ook onnodig; *lô* staan hier vir die vraagvorm *halô* netsoos 3:38 (!), en *'el* het hier dieselfde affektiewe betekenis as in Jer. 15:1; dit gee in die vertaling „Gaan dit julle nie ter harte nie”, „Raak dit julle nie” m.i. 'n uitnemende sin. In 1:14 is „durch seine Hand befestigt” wel minder goed as bv. „sie sind durch seine Hand zusammengeschnürt”. In 2:15 is die derde reël in Hebreeus duidelik 'n vraag en te vertale: „Ist dies die Stadt wovon man sagt: die Krone der Schönheit . . . ?” In 3:18 „Geschwunden ist . . . mein Vertrauen auf Jahwe!” is „Vertrauen” ten onregte onmiddelik met „Jahwe” verbind; dan sou die konstruksie eweas in vs. 24 en 26 met *lë* wees i.p.v. met *min*, wat duidelik afhang van *'abad*, dus letterlik: „Mein Vertrauen ist verschwunden von Jahwe weg”. In 3:37 is bv. Haller's vertaling „Wer ist 's, der da sprach und es ward, wenn der Herr nicht gebot” beslis beter as die van Kraus. Die bekende vs. 39 verloor met die weergawe: „Was klagt der lebendige Mensch? Er 'überwinde' seinde Sünde!” die pregnante en m.i. beter passende van die teenstelling: „Der Mann (d.h. Wer ein Mann will sein) (klage) über seine Sünde!” In vs. 41 gee die lesing „Lasst uns unser Herz erheben zusammen mit den beiden Händen” m.i. beter sin as: „unser Herz, nicht die Hände”. Ek sien in vs. 59 nie die minste beswaar om die imperatief te behou nie; die indikatief „Recht schaffen” kom hier te vroeg, dit pas eers na vs. 63. Die tekswysiging in 4:7 van *nezîréha* in *naaréa* lyk my onnodig; die eerste woord beteken nie alleen „Nasireërs” nie, maar ook „gewyde, uitgelese, vooraanstaande persone” en pas hier goed as parallel van die *jeqarim* van vs. 2. Maar daar sal altyd verskil van opvatting oor woorde en lesings en tekste bly.

Wel tereg soek die skrywer die „Sitz im Leben” van die Klaagliedere in die kultus, as by openbare rou- en boetedae in die heiligdom gehou (ook die skynbaar so individuele lied, Kl.3); selfs die alfabetiese orde van vier van die gedigte is hiermee nie noodsaaklik in stryd nie (sien bl. 21 en 54). Interessante opmerkinge oor die Bybelse „gedenk”, oor *saddiq* (bl. 28), *tôra* (bl. 40), *bišša'* „vervul” (bl. 42), die „formula revelationis” „Moenie vrees nie!” (bl. 62), die *naḥala* (bl. 83), die „omkeer” (bl. 86) e.d. maak die leser telkens skerp bewus van die eie aard en rykdom van die Outestamentiese woordeskat en voorstellingswêreld, wat ook in die N.T. deurwerk.

Die beste geslaag lyk my die behandeling van die derde Klaaglied

sowel in die uiteensettings oor sy vorm as sy inhoud en besonders oor sy betekenis vir die verstaan van die individuele klagte in Psalms en profetiese stukke, saamgevat in die kursief gedrukte sin: „Das urbildliche Leiden ist im A.T. überindividuell”. Hierdie bladsye 63–65 stel die gebruik van die O.T.deur Jesus Christus in sy lyde in ’n wye openbaringsverband en is baie verhelderend vir die verstaan van O. en N.T. in hul fundamentele eenheid. Die Klaagliederekommentaar van H.-J. Kraus beteken ongetwyfeld ’n verryking van en vordering in die regte Skrifverklaring.

B. GEMSER

HANS-JOACHIM KRAUS, *Psalmen*. Biblischer Kommentar XV, 1. Erziehungsverein, Neukirchen, 1958.

Met hierdie aflewering begin die Psalmekommentaar in die groot, nuwe Skrifverklaringswerk. Die bo-behandelde werk van Kraus het groot verwagtings gewek vir hierdie soveel sentraler Bybelboek; en wat hierdie eerste aflewering betref, is die verwagtings ten volle vervul. Die Inleiding ontbreek uiteraard nog; daar word hier direk met Psalm 1 begin. Die literatuuropgawes bo die enkele Psalms is soos te verwagte baie ryker as by Klaagliedere. Die vertalings is helaas weer nie in koeplette of strofe gedruk nie; vir sover die hier behandelde eerste agt Psalms ’n indruk gee, lyk die vertaling self beter geslaag as in Klaagliedere. Waar die skrywer in Ps. 1:2 wel tereg die tweemaal *tôra* wil behou, sou dit logies gewees het om die woord dan ook tweemaal dieselfde vertaling te gee. Ook hier gee die „Wort”-verklaring weer uitnemende inligting oor hierdie belangrike Bybelse begrip. Veral lyk my gewigtig dat hier reeds *tôra* as gesaghebbende „Heilige Skrif” voorkom, en dit nie alleen as die Tora in engere sin omvattend, maar ook die geskiedenisverkondiging en, waar Ps. 1 ’n proëmium van die hele Psalmboek is, ook Psalmeliteratuur. Met ’n welgefundeerde konservatisme wat die behoud soveel moontlik van die Masoretiese teksvorm aangaan, paar die skrywer ’n geheel eie, nuwe, amper revolusionêre verstaan van die inhoud van die eerste Psalm, waarby hy die gangbare opvatting van die Psalm as wetties en „farisees” ten enemale afwys.

Ekskurse oor belangrike begrippe en voorstellinge is hier nog menigvuldiger en uitgebreider as in sy Klaagliedere; dié oor die idee van die wêreldheerskappy van die Israelitiese koning van Jerusalem (bl. 14–16) is baie verhelderend om sowel die verband as die verskil met gelyksoortige voorstellinge by die grootmagte van die ou Nabye Ooste te laat uitkom (sien ook bl. 19 oor die Godseunskap van die koning).

By Psalm 5 is belangwekkend die behandeling van die „vyande” in die Psalms, die „werkers van ongeregtigheid” e.d. uitdrukkinge. Tereg

wil die skrywer onderskeid maak tussen die vyande in die kollektiewe Psalms en die vyande van die individu. Veral teen die „konings-ideologiese” opvattinge van die Sweedse skool neem die skrywer sterk stelling.

Die handhawing van Psalm 6 as boetepsalm ook vir die gebruik in die Kerk van Christus is oortuigend: „Psalm 6 leer die deur Duhm geïdealiseerde Christen om die beslissings-erns van sy lewe waar te neem”.

By Psalm 7 kom die probleem van die onskuldbetuiging in so vele Psalms ter sprake en die veelvuldige beroep op „eie geregtigheid”, wat met Karl Barth gesien word teen die agtergrond van die verkiesing van Israel en die verbondsverhouding waarin dit tot God staan.

Ook by Psalm 8 wil die skrywer nie met die Sweedse skool die verklaring soek in ’n sgn. sakrale konings-ideologie nie, maar in die posisie van die gewone mens na die skeppingsorde; „hier word die verborge agtergronde van die alledaagse menslike lewe blootgelê”. ’n Ekskurs oor die posisie van die mens voor die aangesig van God besluit die verklaring van hierdie veelomstrede Psalm.

Kenmerkend vir Kraus se Psalmeverklaring is ook die gedurige siteer in voetnote van die groot Reformatore. Dit is inderdaad magistrale werk.

B. GEMSER

DR. P. A. VAN STEMPVOORT, *Waarheid en Verbeelding rondom het Nieuwe Testament*. G. F. Callenbach N.V. Nijkerk, 1955.

Hierdie reeks opstelle oor die Nieutestamentiese Apokriewe verteenwoordig ’n serie radiolesings deur die skrywer in Nederland gegee.

Soos die wingerd sonder die snoeimes wilde lote stoot, so verklaar hy, het die apokriewe Evangelies sedert die tweede eeu rondom die Nuwe Testament gegroei soos ’n „wilde wingerd”. Uit die gang van die opstelle blyk die gepastheid van die titel van die boek, „Waarheid en Verbeelding”. Want met ’n raak oordeel, grondige kennis en ’n onderhoudende vertelstyl, waardeer die skrywer die historiese elemente in hierdie vroegchristelike oorleweringe oor Jesus en sy apostels en ander figure rondom die kruis. Maar hy wys ook die aanleidinge in elke nuwe tydperk aan vir die groeisels van die verbeelding.

Die verbeelding, die „religieuse legende” en die mite moet ook nie eenvoudig as onwaarheid opsy gesit word nie. JOHN BUNYAN se *Pelgrimsreis na die Ewigheid*, M. E. OUWEHAND se *Het Groeiende Kruis*, SELMA LAGERLÖFF se *Kerslegendes*, DOROTHY SAYERS se *The Man born to be King*, LLOYD DOUGLAS se *The Robe* en die Apokriewe Evangelies, Handeling en Openbaringe getuig van lewe in die Kerk. ’n Christendom wat nie meer na-droom oor die perspektiewe van God’s Ryk nie, is dood.

Anders as die oorspronklike Statenvertaling, bevat ons moderne protestantse uitgawes van die Bybel nie die Outestamentiese Apokriewe nie en uiteraard ook nie die Nieu-testamentiese Apokriewe nie. En dit is enersyds jammer. Veral weens die laaste, gaan 'n skat van kennis oor die vroeë Christendom vir die moderne Bybelleser verlore as ook die geleentheid om die bloeiperiode van die Christelike kuns, die werk van Albrecht Dürer, Rembrandt, Hugo de Goes, El Greco en Memlinck ten volle te begryp. Talryke tradisionele voorstellinge van die christelike gemeengoed van die wêreld, by voorbeeld dié van die os en die esel by die geboortekrib, stam uit daardie verwaarloosde Apokriewe.

In 'n volgorde wat die christelike jaar van Kersfees tot Paasfees dek, praat Prof. van Stempvoort oor die apokriewe *Protevangelium Jacobi*, die *Evangelie van Thomas* en *Pseudo-Mattheus*, almal verbeeldinge rondom die Kindheidsgeskiedenis.

Die vroeë groei van die Maria-verering lees mens in 'n tweede hoofstuk van hierdie boek. Die skrywer bespreek die oorsprong en invloed van die *De Nativitate Mariae* en die boek van *Johannes die Teoloog oor die Sterwe van die Heilige Moeder Maria*.

In 'n derde hoofstuk volg 'n oorsig oor Woorde van Jesus buite die Nuwe Testament, 'n studieveld wat sedert JOACHIM JEREMIAS se *Unbekannte Jesus-worte* nuwe belangstelling geniet. Hierdie outentieke Logia van Jesus wat nie 'n plek in die kanon gekry het nie, bevestig die uitspraak van die slot van die Vierde Evangelie dat die hele wêreld nie alles kan bevat wat Jesus gesê en gedoen het nie.

Dan lei die skrywer ons met vaardigheid en kunde deur die geskrifte van die tweede en latere eeue. Hulle staan meestal op naam van een of ander Apostel of bekende uit die Nuwe Testament. Daaronder val die *Evangelie van Petrus*, die *Handelinge van Petrus*, die *Evangelie van Nicodemus*, die *Handelinge van Pilatus* en die *Anaphora van Pilatus*.

Ook Jesus se kled word deur die Apokriewe met ryk verbeelding versier. Uit hierdie siklus stam die aandoenlike verhaal van Veronica wat die gesig van die Here afgegee het en so 'n blywende beeltnis van Hom op 'n sweetdoek bewaar het. Trouens, die peinsende verbeelding van latere geslagte van gelowiges slaan niemand en niks wat met Jesus in aanraking was, oor nie. En die skrywer kan daarom twee hoofstukke wy aan die persone van Judas en die Goeie Moordenaar, soos die Apokriewe hulle omskryf.

As 'n proef van die skoonheid en onderrig van die Apokriewe gee die skrywer aan die slot van die boek sy eie vertaling van die *Protevangelium Jacobi*.



Die ryk oes aan apokriewe literatuur wat te Nag-Hammadi ontdek is,  
vuur die belangstelling vir hierdie oud-Christelike bedryf met nuwe belang-  
stelling. Prof. van Stempvoort se boek sal die Bybelleser met kundigheid  
en 'n gebalanseerde waardering en op hoogs onderhoudende wyse inlei  
in die Apokriewe literatuur rondom die Nuwe Testament.

DS. H. J. GEYSER